11 A3441/A2.12

CASE NO. 1/4/3/6/730/72.

DATE: 5th APRIL, 1973.

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

(Transvaal Provincial Division)

BEFORE: THE HONOURABLE MR. JUSTICE BOSHOFF.

THE STATE VERSUS:

1. ALEXANDRE MOUMBARIS.
2. TLOI THEOPHILUS CHOLO.
3. MAQINA JUSTICE _ .ANZA.
4. PETRUS ARON MTEMBU.
5. GARDENER SANDI SIJAKA.
6. JOHN WILLIAM HOSEY.

FOR THE STATE: MR. C. REES, SC. and MR. J.D. FOURIE.

FOR THE DEFENCE: MR. G. BIZOS (For Nos. 1 & 6).
(Instructed by: Richard Wilsone & Partners, Johannesburg).

MR. S.J.RENKE (For Nos. 2 & 3)
(Pro deo)

MR. T.M. DANNHAUSER (For Nos. 4 & 5)
(Pro deo)

CHARGE: PARTICIPATION IN TERRORISTIC ACTIVITIES.

PLEA: ALL THE ACCUSED PLEAD NOT GUILTY.

INTERPRETERS: MR. JONES; MR. HAARHOFF; MR. HEIN; MR. VAN DER MERWE.

LUBBE RECORDINGS (PRETORIA)(PTY.) LTD.

VOLUME 11 - Pages 466 - 481.

# I N D E X.


PIETER STEPHANUS ERASMUS ........................ 466

MR. FOURIE HANDS IN EXHIBITS: .................... 466 - 467

HERMANUS DANIEL STADLER ........................ 467 - 472

PIETER STEPHANUS ERASMUS ........................ 472

HERMANUS DANIEL STADLER (vervolg) ................ 472 - 481


--------------------

COURT RESUMES - 5th APRIL, 1973.

PIETER STEPHANUS ERASMUS d.s.s.

EXAMINATION BY MR. FOURIE: Sergeant, you already gave evidence in this Court? --- Yes, I did.

You also did the translation of EXHIBIT H3? --- I did.

This notebook? --- Yes.

Could you read the translation to the Court please? --- (The witness reads the exhibit to the Court).

THE COURT REQUESTS THAT THE PRESS ARE NOT TO PUBLISH DETAILS OF THE FORMULAE.

(The witness continues reading the translation of the notebook, EXHIBIT H3).

You hand this in as part of EXHIBIT H3.

CROSS-EXAMINATION BY MR. BIZOS: No questions.

CROSS-EXAMINATION BY MR. RENKE: No questions.

MR. DANNHAUSER ADDRESSES THE COURT.

THE CASE STANDS DOWN.

COURT RESUMES.

MNR. FOURIE HANDIG DIE VOLGENDE BEWYSSTUKKE IN INGEVOLGE ART. 249 VAN DIE STRAFPROSESWET.

BEWYSSTUK B2 (PM.3), beëdigde verklaring van Hercules Phillipus Eloff. (Mnr. Fourie lees die bewysstuk uit).

'n Fotostatiese afdruk van die C.26 waarna verwys word word ingehandig ingevolge Art.263 van die Strafproseswet. Persoonsno. 2697981, geboortedatum 1937, geboorteplek Umtata, en naam: Pumelele Menye, burger, nasionaal, groep: Xhosa. (Mnr. Fourie lees die bewysstuk uit). (Hoofsaaklik op klagtes 1 en 2, en raak beskuldigdes nos. 2, 3, 4 en 5). (Dit is in besonder op klagte 13).

BEWYSSTUK B4: (Beskuldigde no.4 - klagtes 1, 2 en 13). Beëigde verklaring van die vingerafdruk bewysburo. Die vorm C.26 wat deel daarvan vorm, Petrus Mtembu, persoonsno. 306702.

Dit word ingehandig as BEWYSSTUK B4(b)(WEC.7(a)).

BEWYSSTUK B6 (GM.1): Het betrekking op getuie Silulami Gladstone Mose. (Mnr. Fourie lees die bewysstuk uit).

BEWYSSTUK B8 (JWH.1(a): Beëdigde verklaring van Gert Els. Fotostatiese afdruk van vorm C.26 is aangeheg. Dit het betrekking op die getuie Silulami Gladstone Mose.

BEWYSSTUK B13 (JWH.1(B)): Het betrekking op beskuldigde no.4, Petrus Mtembu. Die verklaring is deur Gert Els gemaak.

BEWYSSTUK B18 (TK.3(a)): Beëdigde verklaring deur Hercules Phillipus Eloff. Dit het betrekking op die getuie Nicholas Kombela.

BEWYSSTUK B23 (TC.6): Beëigde verklaring deur Hercules Phillipus Eloff. Hierdie het betrekking op beskuldigde no.2.

BEWYSSTUK B27 (GS.6): Beëdigde verklaring deur Hercules Phillipus Eloff. Dit het betrekking op beskuldigde no. 5.

BEWYSSTUK B32 (JP.8): Beëdigde verklaring deur Hercules Phillipus Eloff. Dit het betrekking op beskuldigde no. 3.

MR. BIZOS, MR. RENKE AND MR. DANNHAUSER HAVE TO OBJECTION TO THE HANDING IN OF THE EXHIBITS.

MR. REES INFORMS THE COURT THAT MR. BIZOS IS PREPARED TO ACCEPT THE CORRECTNESS OF THE TRANSLATIONS OF EXHIBIT S3 EXCEPT THAT HE ASKS THAT THE WORD "FORCE" BE CROSSED OUT. (MR. REES READS THE EXHIBIT TO THE COURT). (EXHIBIT S3 (AM.10(a)).

MR. BIZOS CONFIRMS THE HANDING IN OF THE EXHIBIT AND THE CORRECTNESS THEREOF.

---

HERMANUS DANIEL STADLER v.o.e. (Klagtes 1, 7, 8, 13, 14, 18 27 en 19).

ONDERVRAGING DEUR MNR. REES: Is u 'n majoor in die Suid-Afrikaanse Polisie en is u verbonde aan die Veiligheidstak, te Durban-Noord? --- Durban.

Ek wil eers die A-reeks bewysstukke na verwys, en U Edele,

dit gaan /...

dit gaan hoofsaaklik oor Klagtes 1 en 2, Dit is BEWYSSTUK A6. Het u 'n reeks bewysstukke ontvang van Luitenant. Wessels en Sersant Reynolds? --- Dit is korrek, op die 12e Augustus 1972.

Sal u dit net identifiseer. Is dit A6? --- Dit is juis.

Wat is dit? --- Dit is 'n Basildon Featherweight skryfblok.

En dan A7? --- A7 is 'n gewone folio blad, die een kant groen en die een kant wit.

Sal u omgee om net die hakiesnommer agter dit te lees elke keer. Sal u net voor begin. A6 is in hakies wat? --- BEWYSSTUK A6 (JP.1). Dan BEWYSSTUK A7 (JP.1).

BEWYSSTUK A8? --- A8 (JP.2) is 'n gewone Springbok skryfblok, ongeliniëer.

Ja? --- Dan BEWYSSTUK A9 (JP.2) is 'n folioblad. Dit is ook een kant groen en een kant wit.

DEUR DIE HOF: Ditis 'n vel papier? --- Dit is 'n vel papier.

MNR. REES: Nou handel ons met 'n reeks bewysstukke in die B groep. Dit is eerstens B28. --- BEWYSSTUK B28 (JP.9(c). Dit is 'n belastingkwitansieno. 0278513, Bantoe-belasting.

Bewysstuk 29? --- BEWYSSTUK 29 (JP. 9(d). Dit is ook 'n belastingkwitansie no.0279875.

Bewysstuk B30? --- BEWYSSTUK B30 (JP.8) is 'n Bantoe bewysboek.

Wie se kiekie verskyn agterin? --- Dit is die foto van vorige getuie Mose. Mag ek net meld dit is 'n vreemde naam wat daarin voorkom.

Ons handel nou met die C groep. Ek korrigeer myself. Dit is beskuldigde no.4 se foto wat hierop voorkom, nie Mose nie.

Kan ons dit net duidelik stel. Dit is beskuldigde no.4 se foto wat voorkom in die BEWYSSTUK B30? --- Dit is korrek.

DEUR DIE HOF: U het iets gesê van die naam? --- Dit is 'n

vreemde /....

vreemde naam wat daarin voorkom. En dan dra hy ook 'n bril op daardie foto.

MNR. REES: BEWYSSTUK C4? --- C4 (JP.9(a). Dit is 'n gewone Crossley notaboekie.

Het dit geskrif in? --- Ja.

Die volgende een is C5? --- BEWYSSTUK C5 (JP. 9(c)). Dit is 'n adres in tikskrif met ook sekere instruksies daarop.

Die volgende een is C6? --- BEWYSSTUK C6 (JP. 9(b)). Dit is ook 'n adres in tikskrif met sekere opdragte daarop aangebring.

Dan ek dink ons sal voorlopig daarby staan, dan gaan ons aan op 'n effe ander trant. Die 12e Augustus het u ook Luitenant Wessels bygestaan met die behandeling van die rugkant van 'n brief Pete aan Bill. Dit is BEWYSSTUK V3. --- Dit is korrek, dit is BEWYSSTUK V3.

Vertel net vir die Hof wat u gevind het en wat u gedoen het as gevolg van die behandeling? --- Ons het 'n mengsel gehad wat deur Luitenant Wessels aangemaak was.

Weet u waarvandaan die inligting bekom is? --- Ek weet waarvandaan die inligting bekom is maar hy kan eerste handse inligting daaroor gee.

Gaan maar aan? --- Dit is 'n gewone brief aan "Dear Bill".

Dit is nie nodig om die onskuldige brief te lees nie. Nadat julle dit behandel het, wat het toe gebeur? --- Na behandeling op die rugkant het ons 'n boodskap gevind. Die geskrif het leesbaar geword en ons het gevind dat dit 'n boodskap bevat.

En wat is die boodskap, lees dit vir die Hof? --- Hierdie het 'n bietjie dof geraak. Ons het 'n afskrif daarvan. "1. Received your telegram. 2. Present airmailed to you today. You will find the items at the bottom of the cardboard box containing the present. 3. By sone stupid oversight your name

your name and address was left on a piece of paper lying loose in one of the items. Please ensure it is removed before handing over. Good luck. Ends."

Nou as gevolg daarvan, wat het julle gedoen, of wat het u gedoen? --- As gevolg daarvan het ek op die 14e Augustus beslag gelê op 'n pakket, by die pakkette-afdeling van die hoofposkantoor, Milnerweg, Durban.

Ja? --- By oopmaak van die pakket het ek gevind dat dit 'n bona fide geskenk blyk te wees van 'n skeerstel.

Is dit die bewysstuk nou voor die Hof: is dit BEWYSSTUK 52? Maak net seker dat dit reg is? --- Die pakkie was toegedraai in 'n gekleurde papier. Dit was geadresseer aan "Mr. W.E. McCaig", 38, Lansdowne, 7th Avenue, Durban," en from "M.H. McCaig, 117, Hampstead Lane, London N.6." Dit word beskryf as 'n geskenk - "Gent's toiletry".

Ja? --- Dan die skeerstel, dit is 'n gewone nie baie duur tipe skeerstel nie, in swart leer sakkie, met 'n ritsluiter. Die pakkie self is 'n kartondosie ongeveer 6 dm. by 8 dm. U Edele, na deursoeking van die pakkie en ek die skeerstel gevind het, het ons die bodem van die pakkie deursoek en gevind dat dit 'n vals bodem bevat.

Ja? --- In die vals bodem het ons twee bewysboekies aangetref, BEWYSSTUK B4 (GM.1). Ek kan net meld dat dit die foto van die getuie Mose verskyn daarop. Hy het ook 'n bril op. Dan is dit ook 'n vreemde naam wat daarin voorkom. Dan BEWYSSTUK B4 (a) (WEC.7(a)), dit bevat die foto van beskuldigde no. 4, Peter Mtembu, en ook 'n vreemde naam.

Het u op 17 Augustus - altans het u beskuldigdes nos. 3 en 4, was hulle toe reeds in hegtenis? --- Hulle was toe reeds in hegtenis.

En op die - op daardie dag, het u hulle ondervra in verband

met die /...

met die insypeling van terroriste in die Republiek gedurende 1972? --- Dit is korrek.

En daarna, het hulle vir u iets gaan uitwys? --- Ek het hulle na Piet Retief geneem en van daar het hulle my geneem na 'n punt ongeveer 3 kilometer op die - anderkant die Mahamba uitdraai-pad, op die hoofweg tussen Piet Retief en Pongola. Ongeveer in die helfte tussen Pongola en Piet Retief.

Kyk net of dit aangedui word op die kaart BEWYSSTUK G ?--- Dit is nie die kaart nie.

Watter bewysstuk toon u nou? --- BEWYSSTUK A(b)(ALG.7), dit wil voorkom ....

Waar kom dit voor? --- Punt E op die skets, BEWYSSTUK A(b).

Net so 'n oomblik, sal u net hierdie BEWYSSTUK A(b) identifiseer en sê wat dit is? --- Dit is 'n gedeelte van 'n landkaart wat daardie omgewing aantoon. By hierdie punt het - punt E ......

Dit is in die middel aan die regterkant bo. Wat is daar aan u uitgewys? --- Daar het hulle 'n boom aan my uitgewys op die kant van die pad, waar ek gedeeltes van 'n slangbyt uitrusting gevind het. BEWYSSTUK 44 (JP.1(b)).

Ja? --- Ek mag net meld dat dit was duidelik vir my dat kort voor ons daar aangekom het was daar 'n veldbrand gewees. En ek het die afleiding gemaak dat dit die rede is waarom die goed so verbrand is.

DEUR DIE HOF: Wat is die idee wat u daar gekry het van die slangbyt teëgif? --- Dit wil voorkom asof daar wel 'n volledige slangbyt - 'n volledige stel was.

Is dit 'n stukkie karton wat u daar het? --- Ja, met die opskrif daarop - "Two disposible plastic syringes and needles - serum syringes" en dan net die Afrikaans daarvan,

en dan ook ander gedeeltes van die dosie wat die goed bevat het.

MNR. REES: Ja? --- Op dieselfde datum het beskuldigdes nos. 2 en 3 ook aan my Punt F op die kaart uitgewys. Dit is ongeveer tien kilometers vanaf die Mahamba -uitdraaipad in die rigting van Pongola. Daar het hulle aan my 'n punt uitgewys in die grensdraad tussen die Republiek en Swaziland.

Ja? --- Dan op die volgende dag, die 18e, het hulle 'n punt ongeveer vyf kilometers vanaf Mahamba-uitdraaipad in die rigting van Pongola, het hulle aan my 'n punt uitgewys. Dit is Punt F op die plan, daar het ek geskeurde dokumente en 'n pamflet onder vier verskillende klippe versteek gevind. En daar was ook 'n kompas. Die dokumente was ongeveer agt tree van die hoofpad af, en die kompas 'n bietjie verder.

Sal u die goed dan een vir een identifiseer volgens die nommer, asseblief? --- (Hof kom tussenbei).

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

P.S. ERASMUS (nog onder eed)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. DANNHAUSER: Geen vrae.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. FOURIE: Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

HERMANUS DANIEL STADLER (nog onder eed):

ONDERVRAGING DEUR MNR. REES (vervolg): --- U Edele, ek het gekom by die geskeurde dokumente en kompas. Dan die eerste is BEWYSSTUK H1 (JP.10(a)). Dit is in 'n baie verflenterde toestand. Ek het van die blaaie aanmekaar gesit en gevind dat dit 'n dokument is wat reeds in die Republiek versprei was.

DEUR DIE HOF: Waar het u dit gekry? --- Dit is deel van die geskeurde dokumente wat ek op die punt E gevind het.

MNR. REES: Wie het dit aan u uitgewys? --- Beskuldigdes 3 en 4.

En /...

En produseer u nou 'n eksemplaar van die oorspronklike van daardie tipe dokument? --- Dit is korrek. Dit is oënskynlik 'n Springbok memoboekie. Maar op die vyfde bladsy begin - "The road to South African Freedom, programme of the South African Communist Party."

Dan word die hele program van die Kommuniste Party uiteengesit? --- Dit is reg, en dan sluit dit af met - "The people will achieve that end not by supporting the Nationalists, and the partition plans, but by fighting them with all their might."

Dit is BEWYSSTUK H1? --- Dit is korrek. Bewysstuk H1 is die boekie en dan (JP.10(a)).

Ja? --- Dan BEWYSSTUK H2 (JP.10(a)), dit is ook die notas of deel van die notas wat ek daar gevind het. Dit was in 'n geweldige versnipperde toestand maar ons het dit aanmekaar gesit en ek handig dit in.

En wat is die aard van daardie notas? --- Ek het dit deurgegaan en dit wil voorkom asof dit notas is wat betrekking het op "guerilla" oorlogvoering.

Gaan maar aan? --- Die kompas, BEWYSSTUK 15 (JP.11(a)), dit het ons ook gevind op die punt wat deur nos. 3 en 4 aan my uitgewys was.

Is die kompas in werkende toestand? --- Dit is in werkende toestand.

Gaan maar aan? BEWYSSTUK H3, of is dit nie van toepassing hier nie? --- Nee.

Is dit al wat u gevind het as gevolg van die uitwys deur dié twee? --- Dit is korrek.

Kan ons net vir 'n oomblik terugkeer na die bewysstukke wat deur Luitenant Wessels en Sersant Reynolds aan u oorhandig is. Eerstens BEWYSSTUK 29. --- Bewysstuk 29 (JP.12) is 'n

buisie /...

buisie Veet. Dit het ek van mnr. Reynolds ontvang.

Bewysstuk 45? --- BEWYSSTUK 46 (JP.9(f)), dit is 'n gewone balpuntpen. Dit is eintlik 'n "koutjie pen".

DEUR DIE HOF: Wat bedoel u by 'n "koutjie pen"? --- Dit is wat die sierletters maak, die dik geskrif.

MNR. REES: Watter bewysstuk het u nou? --- Dit is BEWYSSTUK 45 (JP.9(h)). Dit is 'n bottel.

En Bewysstuk 47? --- BEWYSSTUK 47 (JP.5), dit is 'n glasbuisie bevattende wit kristalle.

Ja? --- BEWYSSTUK 48 (JP.6), is 'n plastiek buisie met 'n prop aan die een kant bevattende 'n donkerkleurige chemikalië.

Ja? --- BEWYSSTUK 49 (JP.9(h)), dit is 'n botteltjie met naelpolitier.

Ja? --- BEWYSSTUK 50 (JP.4) is 'n Vidor transistor batterytjie. Aan die eenkant het hy 'n prop en dit bevat ook chemikalië.

Ja? --- BEWYSSTUK 51 (JP. 9(g)). Dit is 'n buisie wat oorspronklik "Nipercane" bevat maar hy was leeg en daar was 'n plastiek - binne in, ek dink hier was 'n kontakadres in gewees, ek dink daar was toetse uitgevoer.

DEUR DIE HOF: Was dit een adres of 'n reeks adresse sê u? --- Sover ek kan onthou was daar net een in maar daar sal eerstehandse inligting - getuienis verstrek word daaromtrent.

MNR. REES: Het u al die getuienis - al die bewysstukke waarvan u getuig aan Majoor Van Rensburg oorhandig? --- Dit is korrek.

Ek gaan nou oor na Klagtes 1, 7 en 8 toe, en ek bepaal my voorlopig eers by beskuldigde no. 1. Het u beskuldigde no.1 ondervra na sy aanhouding? --- Ek het.

En wat was die onderwerpe waaroor u hom ondervra het? ---

In die /...

In die eerste plek het ek hom ondervra in verband met die pamflet verspreiding, die A.N.C. pamflet verspreiding gedurende 1968. (Mnr. Bizos kom tussenbei).

MNR. BIZOS SPREEK DIE HOF TOE OOR HIERDIE GETUIENIS.

MR. BIZOS: I submit that the pointing out evidence must relate only to a pointing out. (Mr. Bizos continues addressing the Court on his objection).

THE COURT AND MR. BIZOS HOLD DISCUSSION.

MR. REES ADDRESSES THE COURT.

MNR. REES: Wat was die tweede onderwerp wat u besig was om te ondersoek? --- Terroriste insypeling gedurende 1972 na die R.S.A.

Die BEWYSSTUK AM7, 'n battery, wie het dit aan u uitgewys? --- Beskuldigde no.1.

Wat het hy u gewys aan die battery? --- Dat dit is 'n gewone Everready High-power battery, flitsbattery, en aan die een kant het dit 'n prop wat chemikalië bevat. Die inhoud van die battery as sulks was verwyder en wat 'n holte veroorsaak het en dit bevat dan die chemikalië.

En het - aan wie het u daardie oorhandig? --- Ook aan Majoor Van Rensburg.

Het u ook die drie trapfietse, BEWYSSTUKKE 63, 64 en65 voor die Hof, of is hulle ontdek by Wayne's Garage te Durban? --- Dit is korrek. Ek dink die plek staan nou bekend as "Station 204".

Van wie het u die inligting gekry wat gelei het tot die ontdekking van die drie trapfietse? --- Van beskuldigde no. 1.

En wat se plekke in Durban het beskuldigde no.1 aan u uitgewys? --- Onder andere Nicol Plein parkeer garage.

Watter plek in Nicol Square Parking Garage in besonder? --- Die parkeergarage bestaan uit 'n hele blok. Pinestraat,

Commercialweg /...

Commercialweg, Albertstraat en Greystraat.

Ja? --- Ek het hier BEWYSSTUK W dit toon die Greystraat kant en dit is die kant wat hy aan my uitgewys het.

Nou het u persoonlik kennis gedra van iets wat voorheen daar gebeur het? --- Ja, op die 26e Junie 1968 was daar A.N.C. pamflette versprei.

En wat van die bannier? --- Ja, en ook 'n A.N.C. bannier. Dit was aan die boonste verdieping van die garage gehang.

Nou presies wat het die beskuldigde aan u uitgewys? --- Ons het in Greystraat verby gery en hy het toe na die boonste verdieping gewys.

Wat kan u sê in verband met die plek wat hy uitgewys het? --- Die parkeergarage self is geleë in digbevolkte Indiërwoonbuurt.

Goed, gaan maar aan? Het hy ook Wayne's Garage aan u uitgewys? --- Dit is korrek.

Is u ook op 28 Augustus na die Transkei? --- Dit is korrek.

Sal u net vir die Hof verduidelik wat daar aan u uitgewys is deur beskuldigde no.1? --- Op die 29e Augustus het hy gedurende die oggend aan my uitgewys 'n natuurlike hawe eintlik 'n baai, ongeveer drie kilometers ten noorde van die Umboti-riviermond.

Is dit die plekke wat aangedui word op die bewysstukke waarvan u nou gaan praat, BEWYSSTUKKE J1, 2, 3 en 4. Kyk net daarna en dan kan u met verwysing daarna vir die Hof verduidelik. Gaan maar aan? --- BEWYSSTUK J1 (A6) verwys verwys na die baai ten noorde van Umboti-mond. Hy het twee spesifieke punte op die kaart gemerk punte 1 en 2 - wat hy aan my uitgewys het. Nou dan die agtermiddag, dieselfde dag, het hy aan my uitgewys die punt gemerk op BEWYSSTUK J2 (A6) wat bekend staan as Goss Point. Op die

30e Augustus /...

30e Augustus het ons hom na die gedeelte van die kus regoor Butterworth min of meer geneem, waar hy twee plekke aan my uitgewys het. Ook natuurlike baaie. BEWYSSTUK J3(A6) 'n baai onmiddellik ten noorde van die plekkie Cebe.

Ja? --- Dan BEWYSSTUK J4 (A6), Maseppa Baai. Dit is ten noorde van Cebe en ongeveer soos die kraai vlieg sou ek sê drie kilometers van Cebe af.

Die plekke waarna u nou verwys het, is dit dieselfde plekke waaroor Kommandeur De Wet aan die begin van die saak getuig het? --- Dit is korrek.

En is daar ook 'n paar kiekies geneem tydens die uitwys, BEWYSSTUKKE AH, AH1, AH2, en AH3? --- Dit is korrek.

Is dit by Umboti geneem? --- Ja, dit is by die baai net ten noorde van Umboti-mond.

Sal u hulle een vir een identifiseer. Die eerste een is BEWYSSTUK AH? --- Dit is 'n baai uit die suide geneem en dit toon 'n sandduin aan die verste punt.

En BEWYSSTUK AH1? --- Dit is 'n foto wat die suidelike deel van die hawe aantoon met die sandduine aan die kant, wat uit die noordelike kant geneem is.

En BEWYSSTUK AH2? --- Dit toon die beskuldigde waar hy in die rigting van die see wys. Dit is 'n lae sandduin op die strand, effe versteek tussen die plantegroei. Die persone teenwoordig daar is myself en Majoor Schoon.

En BEWYSSTUK AH3? --- AH 3(AM.44), dit is uit dieselfde punt - van dieselfde punt geneem. Die beskuldigde staan net in 'n ander posisie.

En wys hy weer in die rigting van die see? --- Dit is juis. Ek kan miskien net meld dat Maseppa Baai - ekskuus, die baai by Umboti-mond, daar is 'n natuurlike woud digby, dan het dit aan weerskante hoë sandduine, wat bedrywighede in die

baai /...

baai onopsigtelik kan laat geskied.

Ja? --- Dan Goss Point, dit is omring deur rotse alhoewel daar in die een hoek 'n sandbank is, die plantegroei is nie so ruig nie maar daar is 'n radius van 'n hele paar kilometer geen inwoners nie.

Ja? --- Dan Cebe en Maseppa Baai, val ongeveer dieselfde kategorie as die baai by Umboti, alhoewel die plantegroei nie so ruig is nie. Ek kan miskien ook meld dat tydens ons besoek aldaar het die - was die wind geweldig sterk en ek het gemerk dat die baai redelik stil is en dat die branders diep in breek.

Het u enigiets ontdek in verband met beskuldigde no.1 se kennis van daardie deel van die Transkei? --- Ek het tot die gevolgtrekking gekom dat hy 'n baie deeglike kennis van die omgewing het.

Ons handel nou met beskuldigde no. 6. Was u op 28 Oktober laas jaar teenwoordig toe sy paspoort gevind is? --- Dit is korrek.

In verband met watter onderwerp het u hom ondervra? -- In die eerste plek het ek hom ondervra in verband met sy besit van die twee terroriste bewysboeke. (Mr. Bizos intervenes and objects).

MR. BIZOS ADDRESSES THE COURT.

DEUR DIE HOF: Ja, ek dink die beste is om u maar heeltemal objektief te hou. --- Ek het hom ondervra in verband met twee bewysboeke in sy besit gevind, asook 'n bedrag geld. En in die algemeen in verband met die terroriste insypeling in die land. Ek het hom ook ondervra, die tweede onderwerp, in verband met die A.N.C. pamflet verspreidings deur middel van die sogenaamde bomontploffings, gedurende 1971.

MNR. REES: Sal u net met verwysing eerstens na BEWYSSTUK B7,

B9 en B10/ ...

B9 en B10? --- Dieselfde aand om ongeveer 6.30 namiddag as gevolg van inligting verstrek deur no. 6 het ek hom uit geneem en hy het aan my 'n munisipale vullishouer op die hoek van Soldiersweg en Pinestraat uitgewys. By deursoeking van die vullishouer het ek BEWYSSTUKKE 21 en 22 gevind. Dit was toegedraai in 'n Natal Mercury.

Sal u net die bewysstukke identifiseer sodat die Hof weet waarvan ons praat? --- BEWYSSTUK 21 is 'n foto van 'n meisie - "With love, from Linda" en die datum 25.12.71. Dan BEWYSSTUK 22 is 'n foto van 'n man, Dit lyk soos - "Affectionately, John", die datum 25.12.71. Die fotos was beide in 'n uiters geskeurde toestand. Ek het dit saam gevoeg en weer teruggeplaas. Ek het op dieselfde dag vroeër het ek twee bewysboekies BEWYSSTUKKE B7 (JWH.1(a)) en die ander een BEWYSSTUK B11 (JWH.1(b)). Bewysstuk 7 bevat die foto van vorige getuie Mose, Bewysstuk B11 die foto van beskuldigde no. 4.

Ja? --- Beide het vreemde name wat weer verskil van die ander bewysstukke, wat ek reeds ingehandig het.

Ja? --- Ek het verder gemerk dat die bewysstukke, die bewysboekie in die agterkant van die rame pas.

Toon dit vir die Hof? --- Dan het ek ook gevind dat van die boekies was heel duidelik in die agterkant van die portret vasgeplak. Daar was nog van die kleeflint aan gewees wat ook aan die rugkant van die portretrame vas was.

U verwys nou na - om die dinge net bymekaar te bring, watter is die bewysboekies se nommers, asseblief? --- Dit is B11 en B7.

Het u ook beskuldigde no.6 se vingerafdrukke geneem op die BEWYSSTUK K1? --- Nee, dit was in my teenwoordigheid geneem. Ek het opdrag gegee dat dit geneem word. Dit was in

my /...

my teenwoordigheid geneem deur Sersant Botha. Ek het dit persoonlik aan Luitenant Du Plessis, die vorige getuie, oorhandig.

Ja? --- Ek het ook die BEWYSSTUKKE 21 en 22 aan Luitenant Du Plessis oorhandig.

Is u ook met beskuldigde no.6 na Kaapstad toe? --- Dit is korrek. Ek is op die 2e November 1972 na Kaapstad met hom. Op die 3e November het hy sekere plekke aan my uitgewys.

Sal u met verwysing na bewysstukke - die Y groep, vir die Hof verduidelik watter punte hy aan u uitgewys het? --- BEWYSSTUK Y(JWH.6(b)) ....

Kyk maar na die sleutel ook, BEWYSSTUK Y1.--- Dit toon die stasiegebou in Kaapstad wat ook die Parade-gedeelte toon. Hy het in die eerste plek punt A op die foto aangedui, op die plan aangedui aan my uitgewys. Daarna punt B. Dan punt F. Dan punt E, in daardie volgorde, dan punt D en punt C. Hy het ook aan my uitgewys die Helmsley Holiday Car Inn, of Car Inn, ek is nie heeltemal seker nie, in elk geval dit is die Helmsley Hotel.

Ja? --- Hy het ook aan my 'n winkel uitgewys, 'n hardeware plek, Sam Newman in Brugstraat.

Was die getuie Sersant Engelbrecht, teenwoordig? --- Hy was teenwoordig.

Het u ook beskuldigde no. 2 ondervra in verband met die terroriste insypeling in 1972? --- Ek het.

Het hy iets aan u uitgewys? --- Ja, hy het 'n koekie seep aan my uitgewys en uit die seep het hy toe twee buisies chemikalië gehaal.

Ek dink dit is BEWYSSTUK 24. Is dit die seep met die chemikalië daarin versteek, Bewysstuk 24 (TC.5).--- Dit is korrek.

Is dit /...

Is dit die paspoort van beskuldigde no. 6, BEWYSSTUK AC, is dit? --- BEWYSSTUK AC (JWH.3(a)). Dit is die paspoort van beskuldigde no. 6.

En BEWYSSTUK AC1, is dit sy "Passenger ticket and baggage check, B.O.A.C."? --- Ja, dit is ook wat ons daar in sy kamer gekry het.

En het u ook ontdek dat die naam Sinclair verskyn langs die datum in die hotelregister van Akin Court in Maart 1972? Sal u net sê onder watter datum dit verskyn? --- Ja, ook as gevolg vab inligting deur beskuldigde no.1 verstrek het ek dié ontdekking gemaak. Dit toon dat 'n persoon met die naam van Sinclair gedurende Maart 1972 by Akin Hof in Durban gewoon het, en wel op die datums vanaf die datum 19 Maart tot die 22e Maart.

Die punte wat beskuldigde no.1 aan u uitgewys het op die Transkei se kus, het u daardie punte aan Kommandeur De Wet uitgewys? --- Ek het.

En daardie punte, is dit reg om hulle te beskryf as in die omgewing van Port St. Johns? --- Dit is korrek. Mbotyi - die baai by Mboti en Goss Point is ten noorde van Port St. Johns en nie baie ver daarvandaan nie. Die ander twee punte, Cebe en Maseppa Baai, is heelwat verder af en dit is in die omgewing van - ongeveer regoor Butterworth.

HOF VERDAAG.

---

TRANSCRIBER'S CERTIFICATE.

I, the undersigned, hereby certify that the aforegoing is a true and correct transcription of the original evidence taken down by means of a mechanical recorder in the case of :-

THE STATE versus A. MOUMBARIS & 5 OTHERS.

TRANSCRIBER.

**Collection Number: A3441**

**Collection Name: Alexandre Moumbaris Papers**

***PUBLISHER:***

*Publisher:* **Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand**
*Location:* **Johannesburg**
**©2022**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:**

All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:**

Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of the Historical Papers Research Archive, at the University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of the Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.